# LAER VOLKSKOOL HEIDELBERG

24 Julie 2026

Beste Volkie Ouers

Welkom terug aan al ons ouers en leerders! Die derde kwartaal is tradisioneel 'n baie besige kwartaal met 'n vol program van sport, kultuur en akademie. Ons sal alles in ons vermoë doen om hierdie aktiwiteite so goed moontlik te balanseer, maar botsings sal ongelukkig soms onafwendbaar wees. Ons vra daarom dat u ons vroegtydig kontak wanneer daar sulke situasies ontstaan, sodat ons saam die beste oplossing kan vind. Ons wens almal 'n voorspoedige en suksesvolle kwartaal toe.

## Akademie

Al ons leerders ontvang Vrydag, 24 Julie hul rapporte in die laaste periode. Ons is baie trots op ons leerders. Daar is weereens puik prestasies en ons kan u verseker die assessering was regtig van hoogstaande gehalte.

## Oueraand

Ons oueraand is Maandag, 27 Julie 2026 vir Graad R tot 7. Die oueraand is gekoppel aan afsprake. Ons fokus veral op leerders wat uitdagings ervaar rakende akademie, afwesighede of gedrag. Indien u graag met ’n onderwyser wil gesels, kontak die betrokke onderwyser vir ’n afspraak.

## Gr 1/2027 inskrywings

Ons wag in spanning vir die bekendmaking van die datum wanneer die aanlynregistrasie begin vir Graad 1 en Graad 8 van 2027. Ons hou al ons ouers op hoogte.

016 341 6216
volkies@laervolkskool.co.za
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg - GP, 1441
www.laervolkskool.co.za

# LAER VOLKSKOOL HEIDELBERG

## Kommunikasie

Moet groot asseblief nie huiwer om ons te kontak indien u enige navrae het nie. Ons skool se bestuurspan is altyd beskikbaar om ons ouers by te staan met uitdagings of onsekerhede.

## Veiligheid van leerders

Ons gaan vanaf Maandag, 27 Julie die hekke in Van der Westhuizenstraat toemaak direk ná elke graad in die middag verdaag het. M.a.w Graad R ouers moet asseblief reeds 12:45 by die hek wees vir hul kinders. Sodra hulle uit is, sluit die hek. Graad 1 en 2 ouers moet asb. buite wag tot die hek om 13:00 weer oopmaak vir daardie groep leerders. Ons sluit weer die hek tot 13:30 wanneer die Graad 3 leerders verdaag. Ouers, dit is alles vir u kind se veiligheid en om ongewenste ingang van vreemdelinge te bekamp. Dankie vir u begrip en samewerking.

## Program vir die week

| | | |
|---|---|---|
| 25 Julie | Fietsry Liga | |
| | Interskole Redenaars (Engels) | |
| 27-30 | Kinderweek – Klipkerk | Skoolsaal |
| | Tennis (Gemengde liga) vs Midvaal | Tuis - Unievelde |
| | Tennis (Seuns B-liga) vs Selection park | Tuis - Unievelde |
| 28 | Hokkie – Dogters vs Tini Vorster | HVH |
| 29 | Krieket: 0/11A vs Midvaal | Weg |
| | Krieket: 0/11B vs Midvaal | Tuis |
| | Heidelberg Eisteddfod - Spreekkoor | HPS |
| 30 | Hokkie: Dogters vs Hannes Visagie | John Vorster |
| | Eisteddfod – Junior- en Seniorkoor | Laer Volkskool |
| | Krieket: 0/13B vs Midvaal | Tuis |
| 31 | Koorfees: Juniorkoor en Spreekkoor | NG Suikerbosrand |
| | Landloop | |

P Strydom

**MNR. P. STRYDOM: HOOF**